Stellenbosch UNIVERSITY IYUNIVESITHI UNIVERSITEIT
forward together sonke siya phambili saam vorentoe

# *Kliënt-SSVO-kontrak: Algemene Bepalings en Voorwaardes*

Beste Kliënt

Hierdie dokument bevat die algemene voorwaardes wat vir die SSVO se steundienste geld. Die ondertekening van hierdie voorwaardes kom nie daarop neer dat jy ingeligte toestemming tot enige besondere intervensie gegee het nie. Die ondersteuning wat jy benodig of waarvoor jy vra sal bepaal of ons jou ingeligte toestemming benodig, en jy gee dit ad hoc met elke besoek waar toepaslik.

## 1 | INGELIGTE TOESTEMMING

Enige ondersteuning wat deur die SSVO se professionele gesondheidswerker verskaf word, verg ingeligte toestemming. Kliënte se individuele regte verplig die Sentrum daartoe om tersaaklike kliniese aspekte, finansiële implikasies, diagnostiese prosesse en die verskillende soorte ondersteuning wat beskikbaar is met hulle te bespreek. Kliënte het die reg om hulle ingeligte toestemming op enige tydstip terug te trek en enige ondersteuning wat die Sentrum aanbeveel, te weier. Indien ondersteuning verwysing na ander professionele gesondheidswerkers behels, moet die kliënt oor daardie professionele persone se eie beleide oor behandeling en tariewe ingelig word en daartoe instem. <u>Die kliënt gee hiermee toestemming dat kliniese inligting uitgeruil mag word onder alle professionele gesondheidswerkers wat betrokke is of na wie toe die kliënt verwys word.</u>

## 2 | OPNAME- EN VERWYSINGSPROSEDURES

Wanneer 'n kliënt die SSVO se dienste aanvra, word 'n kort siftingsessie met 'n sielkundige of ingeskrewe berader geskeduleer. Die sessie vind plaas op dieselfde dag as die versoek of so gou moontlik daarna. Dit mag wees dat 'n siftingsessie enkele minute duur, want dit word gedoen net om 'n algemene begrip te vorm van die probleem wat ter sprake is. Die kliënt word dan toegewys aan 'n sielkundige, maatskaplike werker, psigometris, ingeskrewe berader of groepterapie, of na 'n toepasliker diensverskaffer verwys. Die besluit hieroor word gegrond op die inligting uit die siftingsessie en verskeie ander faktore (bv. hoe lank die waglys is en watter hulpbronne op daardie tydstip beskikbaar is.) Die lengte van die waglys en die beraamde wagtydperk word met die kliënt bespreek, en inligting oor ander moontlike ondersteuningsdienste word ook verskaf.

## 3 | TERAPIE VS ASSESSERING

Die SSVO bied ook terapeutiese dienste in die vorm van korttermyn- individuele psigoterapie en groepintervensies. Terapeutiese dienste sluit altyd sielkundige assessering in sodat simptome, onderliggende kwessies, verhoudings-dinamika, ensovoorts bepaal kan word. Intervensies deur maatskaplike werkers word geselekteer volgens die spesifieke kwessie en die kliënt se behoeftes en sosiale probleme wat volgens 'n psigososiale assessering deur die SSVO se maatskaplike werker bepaal is. Die Sentrum se Eenheid vir Akademiese Voorligting en Ontwikkeling doen kort opvoed-kundige assesserings saam met die loopbaan-assesserings. Dienste **sluit nie** assesserings vir die doeleindes van verslag-doening (psigologies, forensies, neurologies, ens.) in nie.

## 4 | UITREIKING VAN BRIEWE EN VERSLAE

Die SSVO reik slegs in uitsonderlike gevalle briewe (ook siekte briewe) aan kliënte uit, en dit geskied altyd volgens die diskresie van die betrokke sielkundige, ingeskrewe berader, maatskaplike werker of psigometris. Indien 'n gesondheids-praktisyn in die loop van die behandelingsproses oortuig raak dat 'n kliënt se sielkundige probleme waarskynlik hulle akademiese prestasie beïnvloed het, kan die praktisyn besluit om 'n brief met daardie strekking aan die kliënt uitreik. As daar net een of 'n paar terapiesessies was, is dit vanselfsprekend onwaarskynlik dat die gesondheidspraktisyn voldoende ingelig sal voel om 'n besliste of professionele mening te lug. In sulke gevalle is die standaardpraktyk om nie 'n brief aan die kliënt uit te reik nie. Kliënte mag wel 'n nota aanvra wat die datums vermeld waarop hulle sessies bygewoon het.

## 5| KOSTE EN AFSPRAKE

SSVO-dienste is **gratis**. Dit mag wel koste inhou as die gesondheidspraktisyn verder psigometriese assessering (bv. loopbaanassesserings) sou aanbeveel. Die Sentrum sal dit egter eers met die kliënt bespreek en ingeligte toestemming bekom.

Dit is kliënte se verantwoordelikheid om opvolgsessies so gou moontlik te herskeduleer, veral as hulle 'n sessie nie kon bywoon nie of dit om 'n ander rede misgeloop het.

## 6 | VERTROULIKHEID

Die SSVO funksioneer volgens die **onderstaande beroepsliggame** se beginsels vir etiese praktykvoering:

- Gesondheidsberoeperaad van Suid-Afrika (GBRSA), en
- Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplikediensberoepe (SARMDB).

**Die volgende nasionale wetgewing is ook toepaslik:**

- Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 https://www.justice.gov.za/legislation/constitution/SAConstitution-web-afr.pdf,
- Wet op Gesondheidsberoepe 56 van 1974 www.hpcsa.co.za/Legislation,
- Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 https://www.justice.gov.za/legislation/acts/2013-004.pdf,
- Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting 2 van 2000 https://kerkargief.co.za/doks/2van2000Teks.pdf,
- Wet op Beskerming teen Teistering 17 van 2011 www.justice.gov.za/forms/form_pha.html, en Wysigingswet op Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede) 32 van 2007
- Kode van Goeie Praktyk vir die Hantering van Gevalle van Seksuele Teistering in die Werkplek, 2005 http://www.gov.za/documents/employment-equity-act-code-good-practice-handling-sexual-harassment-cases-workplacesww.

Respek vir kliënte se reg op vertroulikheid is die grondslag waarop die SSVO se etiek berus. Personeellede wat nie by 'n beroepsliggaam ingeskryf is nie (bv. ontvangs- en administratiewe personeel) verbind hulle tot vertroulikheid deur 'n amptelike ooreenkoms met daardie strekking te

# *Kliënt-SSVO-kontrak: Algemene Bepalings en Voorwaardes*

onderteken. Die na-ure-krisisdiens word gelewer deur 'n derdeparty-diensverskaffer (tans ER24) waarvan die beraders ook deur vertroulikheids-ooreenkomste gebonde is.

Die Sentrum hanteer kliënte en hulle inligting altyd met respek en vertroulikheid. Dít beteken dat niemand – ouers, familielede, dosente of ander derde partye – in kennis gestel sal word dat 'n kliënt die SSVO se dienste gebruik het óf toegang sal kan verkry tot die inligting wat 'n kliënt met 'n SSVO-praktisyn bespreek het nie. Uitsonderings sal gemaak word indien 'n kliënt 'n risiko vir hulself of ander inhou (bv. selfmoordneigings of psigose toon) of inligting bekend maak wat verband hou met seksuele misdrywe. Dit is noodsaaklik om te erken dat die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede) 32 van 2007 'n regsplig op elke individu in Suid-Afrika plaas om enige kennis van 'n seksuele misdryf aan te meld, soos deur die wet vereis. In sulke gevalle laat die RGBSA toe dat daar van die etiese reëls afgewyk word.

Vertroulikheid is 'n belangrike beginsel wat die kliënt sowel as die praktisyn in enige terapeutiese of voorligtingskonteks altyd moet onderhou. Kliënte moenie met 'n gevoel van blootstelling gelaat word omdat hulle die SSVO se dienste gebruik het nie. Hoewel die Sentrum vertroulikheid ook in groepsverband handhaaf, byvoorbeeld deur alle deelnemers 'n vertroulikheidsooreenkoms te laat onderteken, kan die SSVO nie vir die optrede van individuele deelnemers aanspreeklik gehou word nie.

## 7| REKORDHOUDING

Alle vertroulike aangeleenthede word uiters omsigtig hanteer. Kliëntelêers (bv. biografiese besonderhede, proses-aantekeninge, verslae en briewe) word gestoor op HealthOne, 'n elektroniese databasis wat spesifiek vir hierdie doel ontwerp is. Die SSVO het alle moontlike maatreëls getref om te sorg dat kliëntelêers veilig bewaar word, onder meer deur toegang tot die databasis word met 'n wagwoord te beskerm. Die Sentrum stoor elektroniese lêers vir ses jaar, waarna dit vernietig word.

Elke sessie word geboekstaaf, ook sessies wat nié bygewoon is nie. ER24 verskaf na elke sessie met 'n SSVO-kliënt 'n vertroulike verslag aan die Sentrum, wat ook veilig op die HealthOne-databasis bewaar word.

## 8| VERSOEKE DEUR DERDE PARTYE

Kliënte kan deur dosente, ouers, familielede of verhoudingsmaats na die SSVO verwys word, maar die reg om tot die SSVO se dienste in te stem of dit te weier, berus by die kliënt. Die verwysing gee die derde party geen aanspraak op 'n kliënt se inligting nie. Inligting word slegs met die kliënt se skriftelike ingeligte toestemming geopenbaar. Tolke (bv. in Suid-Afrikaanse Gebaretaal) is deur hulle etiese kodes gebonde wanneer hulle in 'n terapeutiese situasie met 'n kliënt is.

### 8.1 Indien die kliënt instem

Voordat enige inligting bekendgemaak word, kry die kliënt geleentheid om dit in die teenwoordigheid van die terapeut of praktisyn deur te lees. Wanneer 'n derde party inligting oor verpligte voorligting aanvra, geld die beginsel van deursigtigheid: Die derde party moet die kliënt uit die staanspoor vertel dat hulle sekere inligting by die SSVO aanvra, en daarna die kliënt volledig op hoogte hou van die derde party se skakeling en kommunikasie met die SSVO. Net die nodige inligting sal bekendgemaak word volgens die doel waarvoor dit aangevra is.

### 8.2 Indien die kliënt nié instem nie

Indien die kliënt toestemming weier, sal die SSVO geen inligting aan enige party bekendmaak nie. Die Sentrum kan wel by wyse van 'n hofbevel gedwing word om inligting te verstrek, maar het dan die plig om die kliënt daarvan in kennis te stel. Indien die SSVO weens die aard van die probleem reken dat dit nodig is, mag die Sentrum wel met 'n derde party in verbinding tree, hulle in kennis stel van of inligting oor 'n kliënt met hulle deel (bv. as die kliënt sukkel om met 'n berader te kommunikeer). Nietemin moet die kliënt eers daaroor geraadpleeg word en skriftelike toestemming verskaf.

**HANDTEKENINGE (Merk die toepaslike blokkie[s].)**

Ek verklaar hiermee dat ek bostaande inligting gelees het en dit verstaan. Ek verklaar verder dat ek geleentheid gekry het om vrae te stel voordat ek die kontrak onderteken het, en dat alle inligting wat ek verstrek het, waar en akkuraat is. Ek verstaan dat ek wetlik aan die bepalings van hierdie kontrak gebonde is.

- ☐ Ek gee die SSVO toestemming om toepaslike inligting oor my by ander tersaaklike persone en instansies te bekom.
- ☐ Ek gee die SSVO toestemming om inligting aan tersaaklike persone en instansies te verstrek.
- ☐ Ek gee die SSVO toestemming om my gedeïdentifiseerde inligting vir epidemiologiese rekordhouding of die Sentrum se sakebeplanning beskikbaar te stel, en om dit in daardie formaat vir verdere verwerking aan derde partye te versprei.
- ☐ Ek gaan akkoord dat, sou ek 'n afspraak met my gesondheidspraktisyn misloop, ek dit binne 24 uur moet herskeduleer; en dat, as ek dit nie doen nie, die sessie gekanselleer word en ek vir die volgende beskikbare afspraak moet wag.

……………………………… ……………………………
Kliënt Datum

……………………………… ……………………………
Student naam (Drukskrif) Studentenommer

**LET WEL:**

- Die SSVO doen geen forensiese evaluerings nie.
- Kliënte se inligting sal nie sonder hulle skriftelike toestemming en formele etiese klaring vir navorsing versprei word nie.